


tuis DESEMBER 2021 | JANUARIE 2022 TOPVERKOPER IN DIE SA HUIS-EN-TUINTYDSKRIFMARK NR. 207



Die strandmeer is deel van 'n beskermde seegebied en die water hier is aansienlik warmer as teen die res van die Weskus, wat dit 'n gewilde vakansieplek maak.

Die Weskus is nou maar eenmaal 'n mooi plek, veral as jy iewers verlate uitspan.

# Water waar rus is...

*Deur* **Beatrice Moore-Nöthnagel** • *Foto's* **Henrique Wilding**
*Produksie* **Marian van Wyk en Henrique Wilding**

**Die stoep is aan die voorkant verleng met 'n afdak oor die grootste gedeelte en glaspanele aan die kant om beskerming teen die westewind te bied. Onder die venster en teen die een sy is 'n hoekbank ingebou.**

Lanterns, kanttafel en helder gestreepte sarong van Mr Price Home; natuurlike sarong oor tafel van The Cotton Company; gebreide katoenkombers van Ethos; kikois (in mandjie) van Baraka Gifts and Decor; strooikussings en dekens van Salome Gunter Interiors; rottangstoele van Jambo Imports

As jy droom van 'n afgeleë houthuisie langs die see met sy eie sonkrag en g'n mens in sig nie, dan is "Houthuisie" net die bestemming vir jou. Die huis is geleë op 'n stuk grond van 6 hektaar binne die Weskus Nasionale Park, neffens Churchhaven. Die deel staan bekend as Schrywershoek en hier sal jy jou verkyk aan baba-pylsterte in die vlak turkoois water om jou voete, 'n arendsnes tussen die riete, flaminke wat flikflooi en 'n ryk dierelewe wat jou wildste verwagtinge sal oortref.

Die terrein is versteek vanaf die hoofroetes, met 'n private ingang binne die park. 'n Kronkelpaadjie lei jou na die voet van die helling waar die Langebaan-strandmeer op jou voorstoep klots. Hoewel die houthuisie al jare lank hier staan, is dit eers onlangs in 'n idilliese wegbreekplek omskep danksy 'n paar slim veranderinge. >>



## Van bruin na wit

Dié vakansiehuis het nie altyd met sy skoon wit palet gespog nie. Die eienaars het die binneontwerper Salomé Gunter se hulp ingeroep om die plek onder hande te neem. Salomé was die perfekte persoon vir die taak aangesien sy 'n voorliefde vir Churchhaven het en die styl van die omgewing baie goed ken.

"Churchhaven is onopgesmuk en jy moet regtig die plek verstaan om die ontwerp van 'n huis hier gestand te doen," vertel sy. "Niks moet spoggerig of oordoen wees nie. Meubels en dekor kan prakties wees en jy moet altyd leef in die rigting van die turkoois baai voor jou."

Die eerste ding wat sy en haar span gedoen het, was om alles wit te verf – die mure buite en binne, asook die houtvloere.

"Hoewel mense dikwels skepties is om alles voor die voet wit te verf, het dit perfek gewerk hier," lag Salomé. "Waar die huis voorheen soos 'n lelike eendjie gelyk het, is dit nou 'n pragtige swaan. Die sinkplaatdak is liggrys geverf en vertoon byna wit. Die twee slaapkamers is ook in 'n sagte grys geverf vir afwisseling. Die oorverf was soos 'n vars inspuiting!" >>




**Verfkleur**
Earthcote
Almost There



**’n Ou vlag met ’n rooi kruis bring ’n tikkie kleur in voor die venster.**
Vlag van Kalk Bay Trading Post

*Slim plan!*

Salomé het ’n oorspronklike donkerblou vloothemp van Engeland by David Bellamy van bbellamy & bbellamy in Muizenberg raakgeloop. Hoewel sy mal daaroor was, kon sy dit nie oor haar hart kry om dit in glas te raam en hier te hang nie, want sy was bang dit sou verbleik. Sy het toe ’n foto daarvan laat neem, dit laat vergroot en op doek laat druk.

## Eenvoudige oopplanontwerp

Om koste te beperk is die nuwe kombuis ingerig met losstaande kaste wat by ’n algemene handelaar op die nabygeleë Vredenburg gekoop is. “Dit was regtig ’n goedkoop opsie om die los eenhede te kies. Ek en die bouer het wel vooraf seker gemaak ons meet alles perfek,” verduidelik Salomé.

’n Ou tafel met mooi pote van gegote yster is as eiland ingespan. Dit skei die kombuisie netjies van die oopplan-leefvertrek én skep karakter.

Omdat die huis net twee slaapkamers het maar slaapplek vir ses nodig was, moes daar slim gedink word rondom ekstra beddens. Twee banke so groot soos enkelbeddens in ’n hoek in die sitkamer was die oplossing. Elkeen het ’n lang kussing vir die sitplekke sodat dit as matras kan dien. “Die banke het los oortreksels en twee mense kan met gemak hier slaap,” verduidelik Salomé. “Dit is ’n praktiese oplossing vir ekstra slaapplek in ’n klein vakansiehuis.” >>

### SALOMÉ SE WENKE VIR ’N KAALVOET-VAKANSIE

- Grasmatte werk die beste vir ’n ontspanne strandhuis en veral ronde matte is nou hoogmode.
- Nguni-velle is ’n ander goeie opsie, want dit is lieflik sag, duursaam en pas by ’n strandhuis-atmosfeer.
- Los oortreksels is ’n moet – “clunch cloth” werk die beste, want dit is wasbaar, maar ons gaan ook binnekort met wit handdoekmateriaal begin eksperimenteer.





Oor die diepsee talm ’n inkblou dynserigheid wat beteken *die wind kan later vandag waai. In die baaitjie by die Weskusplek* murmureer die seemeeue. – *Dana Snyman,*
In die tyd van die gif

**Die metaalstoeltjies se pote is gedeeltelik wit geverf om by die strandhuisvoorkoms te pas, terwyl rottang- en Adirondack-stoele** *(bl. 24)* **met hul wit baadjies ’n lieflike kombinasie van sitplek bied.**



**Die badkamer is heeltemal vernuwe en het 'n Cemcrete-afwerking wat by die aardse styl van die huis pas. Glaspanele hou die voorkoms skoon, terwyl 'n rand agter die stort en wasbak ingebou is vir neersitplek.**

**Dis in die detail**
'n Deursigte foto van 'n seemeeu is op die onderkant van die venster in die badkamer aangebring om die nodige privaatheid te bied.



**Die blou dekens is inderwaarheid ou wolkomberse uit die Franse vloot – dit pas perfek by die kleurskema, net soos die Engelse vlag. 'n Ou riempiestoel dien as bedkassie.**
Stoel van Piér Rabe Antiques; komberse van Artefect; vlag van Kalk Bay Trading Post



Gegote bed van Cielo; ronde raam van Myth


## Dekor wat werk

Hoewel die voorkoms eenvoudig en onopgesmuk is, skep die fynste aandag aan detail 'n elegante voorkoms. Foto's van seemeeue wat Salomé, 'n kranige amateurfotograaf, self in Churchhaven geneem het, pryk nou in diep, ronde houtrame waarin voorheen spieëls was. Dit herinner aan 'n patryspoort en kuiergaste is mal daaroor.

Tweedehandse meubels is met sorg uitgesoek – soos die kassie van Koöperasie Stories in een van die slaapkamers wat 'n ingeleefde gevoel skep. Outydse lands- of ander vlae afkomstig van bote met rooi, wit en blou as kleurskema bring 'n titsel kleur by die wit dekor in, hetsy as deken oor 'n bed of as vensterbehangsel in die kombuis! 'n Verskeidenheid outydse wit linne met rooi en blou strepe is gebruik vir treffende kussings met 'n effens Franse gevoel.

"Die regte beligting skep ook karakter in 'n vakansiehuis," verduidelik Salomé. "Muur- en hangligte met 'n metaal-afwerking dra by tot die ouwêreldse gevoel. Veral vintage-ligte wat jy met 'n katrol kan nadertrek of wegstoot is baie gewild en is te kry by Koöperasie Stories." >>

**'n Dubbeldeur open op die nuwe dek en laat die natuur deel van dié slaapkamer *(links)* voel. Wit linnegordyne verfris die grys mure.**



**By die boma teen die water voel dit of jy deel is van die asemrowende omgewing.**

Lanterns en skinkbord van Mr Price Home; blou handdoek van Mungo

## Strukturele veranderinge

Reg onder teen die sand is 'n lieflike ronde vuurput en bankie met 'n rugstut van houtplanke gebou; 'n riet-afdak bied beskerming teen die wind en son.

Hoewel minimale veranderinge aan die struktuur van die huis aangebring is, was dit noodsaaklik om die stoep aan die voorkant te verleng.

"Jy's teen die strandmeer en jy leef na buite – dit is hier waar kuiergaste die meeste van hulle tyd deurbring en jy moet dié kuierplek ten beste benut," verduidelik Salomé.

Hoewel die wind en son taamlik kan pla aan die westekant, bied die verlengde afdak en glaspanele aan die kante van die toegeboude deel oorgenoeg beskerming – jy kan ongestoord kuier van vroeg soggens tot laat saans.

Die dek se verlenging strek tot voor een van die slaapkamers en daarom het dié kamer nuwe dubbeldeure gekry wat op die dek oopmaak, met trappies wat aflei na die strand.

Die Weskus op sy beste!







**Langebaan se strandmeer is oor jare deur die eb en vloed van die see gevorm tot 'n selfvolhoubare meer met suiwer soutwater. Die getye vul die strandmeer daagliks aan met voedingryke water wat die koue Benguelastroom teen die Weskus opstoot. Gedurende die somer onderhou die tussengetypoele tot 55 000 watervoëls.**

Bron: sa-venues.com

*Foto's geneem* by "Houthuisie" in die Weskus Nasionale Park (perfecthideaways.co.za)



**VERSKAFFERS**

**Artefect** 021 762 6793, artefect.co.za **Baraka Gifts and Decor** 021 425 8883, barakashop.co.za **bbellamy & bbellamy** facebook.com/bbellamyandbbellamy **Cielo** 0886 024 356, cielo.co.za **Ethos** ethos-store.co.za **Jambo Imports** 021 448 0951, jamboimports.co.za **Kalk Bay Trading Post** 021 788 9571 **Koöperasie Stories** 076 303 9336, kooperasiestories.co.za **Mr Price Home** 0800 212 535, mrphome.com **Mungo** mungo.co.za **Myth** 021 434 1125, facebook.com/mythafrica **Perfect Hideaways** perfecthideaways.co.za **Piér Rabe Antiques** 021 886 6281, pierrabe.com **Salome Gunter Interiors** 073 145 7170, salomegunter.co.za **The Cotton Company** thecottoncompany.co.za